

Die Groot Geloofswoordeboek: Die Erfsonde

Die Groot Geloofswoordeboek: Die Erfsonde

“Erfsonde” is ‘n snaakse woord. ‘n Mens kan tog nie sonde erf soos jy blou oë van jou ouers “erf” nie. *Sonde is ‘n verhoudingsaak, ‘n morele saak.

Dit is maar net een van die misverstande wat daar oor die erfsonde kan bestaan. Die ander is dat die leer van die erfsonde beteken dat mense baie sleg is. Mense sou dan ‘n slegte selfbeeld kry en morbid word omdat hulle geleer word dat hulle erfsonde het. Dit hou weer verband met ‘n misverstand oor die leer van die *totale verdorwenheid.

Alles klop nie regtig hier nie. Aan die een kant sou die “vreeslike leer oor die erfsonde” die rede wees waarom soveel Christene so ‘n swak selfbeeld het. Aan die ander kant word juis die Christene, en by name die Calviniste (wat die grootste nadruk op die erfsonde lê), daarvan beskuldig dat hulle die hulpbronne van die aarde uitput met hulle ywerige geldmakery. Die kern van die waarheid in hierdie verband is dat dit inderdaad die Protestantse Christene, insluitend die Calviniste, is wat die groot kulturele en industriële ontwikkelings in die wêreld geïnisieer het. Maar hoe kan dieselfde mense nou ‘n swak selfbeeld hê en tegelyk die meeste inisiatief? Die swak selfbeeld weens die erfsondeleer is dus nie regtig steekhoudend nie. Dis eerder maar net om ‘n argument teen die erfsondeleer te kry.

Dit is wel waar dat ons nie die begrip “erfsonde” in die Bybel kry nie, maar daar is inderdaad ‘n paar spesifieke tekste wat aanleiding gegee het tot hierdie leer, en verder ‘n paar lyne wat deur groot dele van die Bybel loop. In sy kern kom die leer van die erfsonde daarop neer dat die mensdom gesamentlik

skuldig staan voor God omdat sonde nie net 'n individuele saak is nie.

In Romeine 5:15-19 lees ons:

Deur die oortreding van een mens het baie gesterf ...

Op die oortreding van een mens het die oordeel gevolg en dit het tot veroordeling gelei ...

Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer ...

Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense ...

Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het ...

Dit beteken dat alle mense op een of ander manier deel het aan die sonde van hierdie een mens en daardeur onder die oordeel van God staan. Daar word nie verduidelik *hoe* ons aan sy sonde deel het nie, eenvoudig omdat dit in die verband van Romeine 5 nie allereers gaan om ons aandeel aan iemand anders se sonde nie, maar juis om ons betrokkenheid by Iemand anders se gehoorsaamheid wat vir ons die verlossing bring. Romeine 5 is nie geskryf om ons iets van Adam te vertel nie, maar iets van Christus. Adam en die erfsonde is maar bysake by die hoofsaak: Christus en die verlossing. Daarom word die manier waarop ons aan die ongehoorsaamheid van Adam deel kry nie breedvoerig uitgespel nie, maar wel die manier waarop ons aan Christus se gehoorsaamheid deel kry: deur die doop (Rom 6) en die geloof (Rom 3:25-26). Ons betrokkenheid by Adam se sonde word eenvoudig veronderstel sonder verdere verduideliking.

Vir Westerlinge met 'n sterk klap van individualisme klink dit vreemd. Hoe kan ek betrokke wees by 'n ander se sonde? Maar tradisionele Afrika ken wel iets van hierdie onderlinge verbon-

denheid van mense, dat een namens almal kan optree sodat almal daarby betrokke is. Trouens, ons weet almal iets daarvan. 'n Staatshoof kan namens die hele volk 'n besluit neem, byvoorbeeld 'n oorlogsverklaring, en dan is almal in 'n staat van oorlog.

In die Bybel is dit 'n baie sterk lyn. Deur een mens se sonde het ons almal onder die oordeel van God gekom. Verder sluit God met Abraham 'n verbond, maar só dat dit tegelyk 'n verbond met sy hele nageslag is. Tot vandag toe word alle gelowiges in daardie verbond opgeneem. Daar is nog voorbeelde. Baie vroeg in die Ou Testament lees ons dat Abraham aan Melgisedek tiendes gegee het. Maar in die Nuwe Testament staan daar dat ook sy agterkleinseun Levi "in Abraham" aan Melgisedek tiendes gegee het terwyl ons weet hy was nog nie eens daardie tyd gebore nie. Hoe dan? Ons lees: "want Levi was nog in die liggaam van die stamvader (Abraham)" toe Abraham die tiendes vir Melgisedek gegee het (Heb 7:10). Op 'n manier het Levi dus deel gehad aan wat Abraham selfs voor sy geboorte gedoen het.

En dan dié Voorbeeld. Trouens, dis eintlik oor Hom wat dit in Romeine 5 gaan. Soos reeds verduidelik, gaan dit vir Paulus nie in die eerste plek om die vraag presies *hoe* ons deur een mens se sonde geraak word nie. Hy wil eintlik verduidelik hoe ons deur een Mens se gehoorsaamheid aan die genade van God deel het. Maar dieselfde beginsels is ter sprake: *Een vir almal, en almal in Een*. En daaroor is ons diep dankbaar. As ons self ons skuld voor God moes dra, was ons verlore. Goddank dat Iemand anders in ons plek kon staan, en wel op so 'n wyse dat ons deur die geloof in Hom deel het aan wat Hy gedoen het.

Dink weer aan wat Paulus in Romeine 5 oor ons verlossing deur Christus skryf:

Op die oortreding (van Adam) het die genadegawe gevolg en dit het tot vryspraak gelei (v 16).

Dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe

ontvang het, sal lewe (v 17).

So het die een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot vryspraak en lewe vir almal (v 18).

So word baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek (v 19).

Hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword (v 20).

Miskien kan ons in hierdie geval van “erfgenade” praat, maar dan is “erfsonde” dalk nie so ‘n vreeslike gedagte nie. Immers, Paulus skryf in dieselfde hoofstuk dat die genade baie oorvloediger as die sonde is. Ek “erf” genade wat baie meer is as die sonde wat ek “erf”. Dan neem ek die “erfsonde” baie maklik op die koop toe ter wille van die “erfgenade”.

Behels die erfsonde meer as dit? Baie Christene sien iets meer in die leer oor die erfsonde as net ons gemeenskaplike skuld. Hulle is oortuig dat ‘n mens gebore word met die neiging om verkeerd te doen. Hulle praat van ‘n “innerlike verdorwenheid” en bring dit graag in verband met Psalm 51:7: “*Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het.*” Maar ‘n mens moet mooi kyk wat daar regtig staan. In die vorige verse praat Dawid oor en oor van “*my skuld, my oortredings, my sonde*”. En in die voorafgaande vers beklemtoon hy: “*Ek het gesondig, ek het verkeerd gedoen.*” As hy dan vervolg dat hy al by sy geboorte skuldig was, is dit juis om sy eie skuld nog verder te beklemtoon, en nie om dit af te maak asof hy homself wil verskoon nie. Met ‘n oorgeërfde neiging om te sondig wat jou persoonlike skuld verdoesel of ook maar net versag, het Psalm 51 niks te doen nie.

Erfsonde hou verband met die beginsel dat een namens almal kan optree, en dat almal dan in ‘n sekere sin daarby betrokke is. Dit is nie vreemd aan die Bybel of aan Afrika of aan enige mo-

derne samelewing nie. Maar in die Bybel word dit hoofsaaklik gebruik om ons verlossing te verduidelik: Christus namens ons, ons ten goede. Die "erfsonde" word maar net in Romeine 5 bygebring om die genade duideliker te maak. Dit is nie die hoofsaak nie.

Outeur: [Prof Adrio König](#)